**17 Augustus 2026**

# Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

HEBREëRS 13:8 Christus bly steeds dieselfde - gister, vandag en vir altyd!

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 17 Augustus** | • Playball<br>• A+ Students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Little Readers<br>• Minikrieket (graad R): 17:00-18:00 (B-rugbyveld) |
| **Dinsdag – 18 Augustus** | • Tygieland-hokkie (graad R) 07:45<br>• Tygieland-koor oefening<br>• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Super Somme (graad R)<br>• A+ Students<br>• Krieket-akademie<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Woensdag – 19 Augustus** | • Experi buddies<br>• A+ Students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little Readers<br>• Minikrieket (graad R): 17:00 – 18:00 (A-rugbyveld) |
| **Donderdag – 20 Augustus** | • Tygieland-hokkie (graad R) 07:45<br>• Tygieland-koor oefening<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ Students<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Vrydag – 21 Augustus** | 😍 **SNOEPIEDAG** 😍<br>• Gholf<br>• Voortrekkers |
| **Saterdag – 22 Augustus** | • Bergfietsry: Gauteng skole reeks 4 |

## KURRIKULUM

**GRAAD RR**

**TEMA**: Voëls

Liedjie: Aai aai die Witborskraai

Gediggie: Kiepie-Kiepie

**GRAAD R**

**TEMA:** Op die plaas: Suiwelboerdery

Liedjie: Old McDonald

Gediggie: Trippe Trappe Trone

## KLEUTERTALENTDAG - 11 SEPTEMBER

- Hierdie geleentheid is reeds lank 'n trotse tradisie by Tygieland.
- **Slegs** die **graad R-kleuters** kry die geleentheid om voor hul klasmaats 'n gediggie voor te dra.
- Die graad RR-kleuters neem nog nie aan hierdie geleentheid deel nie.
- Die klasse word in tydgleuwe ingedeel en die leerders dra per tydgleuf vir hul klasmaatjies en hul ouers hulle gediggies voor.
- Baie moeite gaan gedoen word om die Panthera mooi te maak en hierdie geleentheid vir die kleuters spesiaal te maak.
- Die kleuters sal almal 'n verrassing vir hulle dapperheid ontvang.
- Nie net is hierdie 'n spesiale dag nie, maar die kleuters kry ook blootstelling om voor ander op te tree.
- Ons bou so aan hulle selfvertroue om met vrymoedigheid in graad 1 hul mondelinge praatjies te kan doen.
- Die kleuters kan klere dra wat by hulle gediggie pas. Rekwisiete kan ook gebruik word.
- **Ouers** is **self verantwoordelik** om **saam** met hulle **kleuters 'n pret gediggie**, op die **kleuter se vlak**, uit te kies. Leer dan hierdie gediggie vir u kleuter en geniet dit saam met hulle.
- Glo in u kind en bou saam met ons aan hulle selfvertroue!




## DIPLOMAFOTO'S (GRAAD R): 14 SEPTEMBER

- Hierdie foto's sal **Maandag, 14 September** geneem word.
- Al die graad R-leerders moet die spesifieke dag asseblief by die skool wees. Leerders wat dié dag nie by die skool is nie, sal nie 'n diplomafoto kry nie.
- Die fotopakket kos **R90** en die **enigste betaalmetode** is **d.m.v.** **<u>EFT direk aan die fotograaf</u>:**
    - Rekeninghouer: H.R. Photo lab
    - Bank: FNB
    - Rekeningnommer: 63137525573
    - Takkode: 250545
    - **Verwysing:** TLR- klas, voorletters en van ***(bv. TLR R/P C Nel)***
- Skryf op die **koevert** u **kind** se **naam**, **klas**, **hoeveel pakkette** u bestel het, asook die **bewys van betaling**.
- Die kleuters moet asseblief hulle rooi Tygieland-hempies dra en hulle hare moet netjies wees.
- Die dogters se vlegsels of poniesterte moet asseblief laag gemaak word, sodat die "tosselhoedjie" mooi op hulle koppe kan pas.
- Die **Diplomaplegtigheid** vind op **Woensdag 18 November** plaas. Meer inligting volg later.

## KASKAR – 18 SEPTEMBER




- Kaskar is ‘n Tygie-tradisie.
- Hierdie fondsinsamelingsprojek word op ‘n kreatiewe manier benader en dié jaarlikse Kaskar-byeenkoms dien steeds as ‘n vrolike gemeenskapsdag.
- Dié byeenkoms is ook ‘n ideale geleentheid vir ouers wat graag by die skool betrokke wil raak en inskakel.

**DEEL 1: FONDSINSAMELING**

- Die suksesvolle troefkaart-formaat van verlede jaar word weer gebruik, maar daar gaan 'n heerlike "nuutjie" met die sogenaamde "bonuskaarte" bygevoeg word.
- Tema: **Wêreld-Waarheid**
- Die fondsinsamelingsprojek het reeds afgeskop en eindig op Maandag, 21 September om 09:00.
- **ONDERSTEUN** asb. hierdie fondsinsameling deur die onderstaande skakel te volg.
- U staan ‘n kans om pryse te wen!
- Skakel: Kaskarvorm en pryse

**DEEL 2: OPTOG EN KASKARRESIES**

- **Datum:** 18 September
- **Tyd:** 07:30 - 13:15
- **Bydrae: R30**
- Elke leerder betaal **R30** d.m.v. die d6 App (**Projek: Kaskaroptog**) voor of op **1 September**.
- Hierdie geld word aangewend vir die uitbeelding van die tema en die maak van die banier (materiaal en verf) en versiering / “prop” per leerder.
- Indien iemand ‘n ander leerder wil borg kan dit per EFT in die skool se rekening betaal word. Stuur ‘n e-pos met leerder/s se naam/name vir wie die betaling gedoen word, aan skoolgeld@tygies.co.za.
- Hou die nuusbrief dop vir meer inligting en die program.

## BEMARKINGSGELEENTHEID BY KASKARDAG - 18 SEPTEMBER

‘n Bemarkingsgeleentheid vir u besigheid word gebied op ons nuwe elektroniese telbord (A-veld). U handelsmerk word bemark vanaf 07:30 - 14:00 vir die dag. Koste: R1000 per advertensie. Terme en voorwaardes geld vir die advertensies.

Moenie hierdie geleentheid misloop nie! Kontak vir me. Ardelle Scholtz by bemarking@tygies.co.za vir meer inligting.

## OLD SCHOOL TYGERPOORT-ONDERSTEUNERSTRUI

- Met 'n trotse geskiedenis vanaf 1907 is die bestellings vir ons Tygies se Old School-ondersteunerstruie steeds beskikbaar.
- Voltooi die Google-vorm om u bestelling te plaas: https://forms.gle/PZbYuxXiiTCsofri8
- Koste: **R1399** per trui.
- **Bestellings** sluit **31 Augustus**.

## MBT PETROLEUM LOJALITEITSPROGRAM

Een van die skool se borge, **MBT Petroleum Lynnwood**, het ‘n lojaliteitsprogram geloods waaroor ons baie opgewonde is. Die skool en u kan daarby baat. Vir elke liter brandstof wat ons as gemeenskap by hulle aankoop kry die skool 15c en u kry ook 15c “CashBack” in hulle lojaliteitsprogram wat by hulle spandeer kan word.

U hoef niks te doen nie. U moet slegs registreer en dan by **MBT Lynnwood** brandstof ingooi. Hoe meer mense in die gemeenskap deelneem, hoe beter. Ons het reeds kaarte by die skool wat ons vir u huis toe kan stuur. Indien u belangstel om die skool op die wyse te ondersteun, volg asseblief die onderstaande skakel en vul die Google-vorm in en ons sal die kaart vir u stuur. Ons waardeer al u ondersteuning.

Dankie **MBT Lynnwood** vir julle bydrae tot ons skool se vooruitgang.

- Skakel: https://forms.gle/eYaRjhDpc4WaDzCP7

MEDIA VERKLARING

11 AUGUSTUS 2026

# UITSTEL VAN VRYDAG, 14 AUG FEES!

**Die Nataniël-voorfeesvertonings gaan steeds voort!** Nataniël tree op 12 en 13 Augustus om 19:30 in die kerkruimte van NG Tygerpoort op. Hierdie vertonings word nie deur die uitstel van die buitelugfees geraak nie en daar is steeds kaartjies op Quicket beskikbaar. Feesgangers kan die Lig & Ritme-fees juis in hierdie tyd ondersteun deur Nataniël se vertonings by te woon.

**Die Lig & Ritme-buitelugfees wat Vrydag 14 Augustus by Laerskool Tygerpoort sou plaasvind, word weens die weerstoestande uitgestel.**

Die besluit moes reeds op Dinsdag 11 Augustus geneem word, aangesien die oprigting van die groot verhoog en tegniese infrastruktuur Woensdag moet begin. Met reën wat reeds Maandagaand begin val het en verdere reën wat tot Woensdag voorspel word, bestaan daar 'n wesenlike risiko dat die veld te nat sal wees vir die veilige oprigting van die verhoog en die beweging van swaar toerusting.

Hoewel ons baie uitgesien het na die fees, moet die veiligheid van ons tegniese spanne, kunstenaars en feesgangers voorop staan. Ons neem ook die koue weersomstandighede in ag wat na verwagting tot na Vrydag kan voortduur en 'n buitelugfees vir feesgangers onaangenaam kan maak.

Die buitelugfees word voorlopig na 3 November verskuif. Verdere besonderhede sal bekend gemaak word sodra onderhandelinge met kunstenaars en diensverskaffers afgehandel is.

**Bestaande kaartjies vir 14 Augustus sal vir die nuwe datum geldig bly.** Kaartjiehouers wat nie die nuwe datum kan bywoon nie, sal ook via Quicket se platform om 'n terugbetaling kan aansoek doen.

**Ons bedank elke feesganger, kunstenaar, borg en diensverskaffer vir hul begrip, geduld en volgehoue ondersteuning. Ons sien daarna uit om later vanjaar steeds saam Lig & Ritme te vier.**

LIG en RITME